woordelys opgeneem moet word. Teen eenuur was daar nog nie konsensus nie.

AFRIKAANS is Gerhard se passie. Selfs wanneer hy met vakansie gaan, pak hy sy werk in.

As jong seuntjie op sy ouers se plaas, Rosalie, naby Schweizer-Reneke in die ou Wes-Transvaal onthou Gerhard hoe sy oorlede pa, Poelie, vir die kinders gedigte van C. Louis Leipoldt en Elisabeth Eybers voorgedra het.

"Ek dink 'n groot deel van my liefde en aanvoeling vir taal het van daar af gekom. Sonder dat my pa gedink het: 'Ek moet my kind met taal beïnvloed', het jy dit ingekry, so saam met die rooigrond, die moeders- en die koeimelk."

Sy ma, Hettie (70), vertel hom sy het van kleins af in sy kamer gekom en dan lê hy op sy bed en lees. "Die boek is onderstebo, maar ek lees dat die biesies bewe."

Gerhard sê op skool was hy baie voorbeeldig. Hy lag en dan bly hy lank stil. "Ek dink nie ek sou baie van myself gehou het as ek myself vandag sou ontmoet nie. Want ja, ek was nogal 'n *nerd* en ek was nogal 'n oorpresteerder, onderhoofseun in die skool en die koshuis; so 'n regte pyn in die gat."

Sy ouers en onderwysers het almal gedink hy moet ná skool ingenieurswese of medies gaan studeer, maar ná matriek het hy op 'n aand vir sy ouers gesê hy het nou genoeg probeer om onderskeidings te kry en van nou af gaan hy goed doen wat vir hom lekker is.

Hy het vir 'n B.A. met Afrikaans en Engels aan Tukkies gaan studeer, en tussen die werkies wat hy moes doen om vir sy studie te betaal, het hy een doel voor oë gehad: om sy doktorsgraad in Afrikaans voor 30 te kry en later professor te word.

Vandag is dié droom waar. Hy is 'n Afrikaansprofessor by die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-universiteit. (Hy ry deur van sy huis in Pretoria af wanneer hy moet klas gee.)

BO: Gerhard probeer gereeld swem. REGS: Hy gaan stap graag met sy standaardpoedel, Hoekom. ONDER: Die strokiesskarakter Kuifie is sy rolmodel.

Op die Spel was 'n droom wat hy al jare lank gehad het. Nadat hy verlede jaar RSG se ATKV-spel-intervarsity, waarin studente mededingend teen mekaar spel, saamgestel en aangebied het, kon hy die konsep verfyn. Saam met sy vriende Jaco Loubser en Paul Venter van die produksiehuis Homebrew het hulle die program die lig laat sien.

Deelnemers moet onder meer woorde spel en spel- en taalfoute identifiseer. Die 13de en slotaflewering van die program is pas uitgesaai, maar Gerhard hoop daar sal eendag nog 'n seisoen wees.

'n Hoogtepunt was die lekker interaksie wat kykers tussen hom en die aanbieder, Rian van Heerden, gesien het. "Ons is nuut bevriend. Ons albei se sterreteken is Skerpioen en dieselfde goed is vir ons snaaks."

Gerhard sê hulle het juis vir Rian as aanbieder gekies omdat hy soos enige gewone mens praat. "Nie met *fancy* Afrikaans nie. Hy gooi plek-plek 'n Engelse woord in. Ek sit oorkant hom en hy kan vir my sê: 'Ek as 'n gewone Afrikaansspreker weet nie hoekom dit so werk nie.' Dan moet ek dit vir hom op 'n eenvoudige manier kan verduidelik.

"Hy verteenwoordig op 'n manier Jan Alleman en ek is die kenner."

GERHARD se maroen pofbaadjie pas netjies oor sy breë swemmerskouers. Hy het 'n paar jaar gelede ernstig begin swem, en net soos sy beheptheid met taal en spel, het hy dit in 'n stadium oordryf en homself in 'n skoueroperasie ingeswem.

Hy is darem nou terug in die water en is dankbaar daaroor, want sedert hy jare gelede 30 kg afgeskud het, hou hy sy gewig dop.

Dis moeilik om te glo as 'n gesiene akademikus soos hy jou vertel sy rolmodel is die strokieskarakter Kuifie.

"In my huis sal jy glad nie kuns sien nie. Dit is alles net Kuifie.

"Hy is so 'n nuuskierige mannetjie wat sy neus oral indruk. Hy soek na nuwe kennis en dinge. Ek identifiseer nogal sterk daarmee. Ek dink Antjie Krog het eenkeer gesê 'n mens kry Asterix-mense en jy kry Kuifie-mense. Asterix-mense is nie noodwendig slim nie, maar hulle is sterk; Kuifie-mense is nie noodwendig sterk nie, maar hulle is slim."

Gerhard is enkellopend en verkies dit so. Hy is op sy gelukkigste wanneer hy en sy standaardpoedel, met die naam Hoekom, by die huis of in 'n koffiekroeg kan sit en werk.

Hy wonder nooit of ons oor honderd jaar nog Afrikaans sal praat nie, maar raak soms bekommerd wanneer sekere politieke groepe Afrikaans as speelbal gebruik; daarom verkies hy dit om homself besig te hou met praktiese goed wat Afrikaans kan bevorder.

Dán is prof. Gerhard van Huyssteen in sy element. ■

DIE WOORD 'HOEKOM'

Gerhard van Huyssteen, Afrikaansprofessor aan die Noordwes-universiteit, se gunsteling Afrikaanse woord is "hoekom". "Die woord is uniek aan Afrikaans en bestaan nie in Nederlands nie. Van kleins af was alles vir hom "hoekom, hoekom, hoekom?", sê Gerhard.

Die woord waarmee hy tot vandag toe kleitrap, is "frikkadelletjie". Hy is nooit seker hoeveel k's en l'e dit het nie.

PEET MOCKE, JACO WIID, HTTP://GERHARD.PRO, KYKNET, FACEBOOK